# HOOFSTUK 9

## *DIE DEELBAARHEID VAN DIE BRITSE KROON*

### 9.1 INLEIDING

Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie sou in 'n groot mate deur die interpretasies wat politici aan konstitusionele wetgewing geheg het, bepaal word. Menings oor die kroon was die hoeksteen waarop en waarom politici hul politieke teorieë aangaande Suid-Afrika se verhouding met Brittanje gebou het.

In hierdie hoofstuk word die verskillende opvattings oor die Britse Kroon geëvalueer met die doel om te bepaal watter invloed dit op Suid-Afrika se Britse konneksie gehad het.

Die beskouing dat die Britse Koning tegelyk die afsonderlike staatshoof van verskeie lande van die Britse Gemenebes was, word die deelbaarheid van die kroon genoem. Politici wat aan deelbaarheid van die kroon geglo het, was ook van mening dat Gemenebeslede die reg besit het om hulself van die Britse Gemenebes af te skei (sesessiereg) en om in 'n oorlog waarin Brittanje betrokke sou raak, neutraal te kon staan (neutraliteitsreg). Diegene wat die teenoorgestelde beskouing oor die kroon gehuldig het, naamlik dat die Britse Koning 'n gemeenskaplike kroon gedra het, was gevolglik ook van mening dat Gemenebeslede nie sesessie- en neutraliteitsreg besit het nie.

Walker het die betekenis van die konstitusionele ontwikkeling gedurende die dertigerjare, met betrekking tot die kwessie oor die deelbaarheid van die kroon, só gestel: "The period from 1931 to the Second World War was one of very rapid constitutional development, during which it became increasingly clear that the compromise attempt to save the doctrine of the indivisibility of the crown could not be maintained."[1]

Terwyl Ierland, Suid-Afrika en Kanada in deelbaarheid van die Britse Kroon geglo het,[2] het die ander lede van die Britse Gemenebes nog soms gehuiwer om die

---

1 P.G. Walker, *The Commonwealth*, p.109.

2 P. Knaplund, *Britain Commonwealth and Empire, 1901-1955*, p.302.

logiese gevolgtrekking te maak dat die Britse Gemenebes van Nasies die "rewolusionêre" konsep van deelbaarheid van die kroon bevat het.[3]

Suid-Afrika se Britse konneksie, sover dit die posisie van die Britse Kroon betref, het in hierdie proses van konstitusionele ontwikkeling toenemend onder druk verkeer.

## 9.2 DIE DEELBAARHEIDSVRAAGSTUK

Generaals J.C. Smuts en J.B.M. Hertzog, die twee prominente politieke leiers in die dertigerjare, het verskillende sienings omtrent die deelbaarheid van die Britse Kroon gehandhaaf.

Smuts het geglo dat die Britse Ryk 'n eenheid was en dat geen lidland dus die reg op afskeiding of neutraliteit gehad het nie. Hy het op 15 Mei 1917 tydens 'n onthaal wat vir hom deur die Parlement gereël is sy standpunt oor die kroon verduidelik. Smuts het dit beklemtoon dat die Koning die Gemenebes van Nasies verteenwoordig het, en dus almal se Koning was.[4]

Smuts was aan die begin van die dertigerjare oortuig dat die disintegrasie van die Britse Gemenebes minstens vertraag kon word, deur die klem op 'n gemeenskaplike kroon te plaas. Dit is dan ook wat hy op 28 Januarie 1930 tydens 'n byeenkoms van die Empire Parliamentary Association gedoen het. Hy het daarop gewys dat die eenheid van die Britse Ryk op 'n nuwe basis uitgewerk moes word, aangesien Brittanje sy parlementêre soewereiniteit verloor het. Volgens hom het slegs die kroon oorgebly en dit was hul taak om in die toekoms 'n groot saak vir die gemeenskaplike kroon uit te maak. Hy het sy standpunt oor die gemeenskaplikheid van die kroon só saamgevat: "... we have only one King, that there is only one common crown, that it is not a case of personal union of five or six independent states, and that is not a mere casual personal union which binds them together, but that according to the legal theory and the express terms of the Dominions constitutions, it is the British crown which is the crown in the Dominions too, and therefore you have not a personal union, but you have one crown, one common

3 P.G. Walker, ***The Commonwealth***, p.109.

4 W.K. Hancock & J. van der Poel, ***Selections from the Smuts papers***, vol. 3: Jun. 1910 - Nov. 1918, p.511.

king, right throughout the Empire".[5] Hieruit blyk dit duidelik dat hy in die ondeelbaarheid en eenheid van die kroon geglo het.

Hierteenoor het Hertzog gemeen dat elke land, al is hy deel van die Gemenebes van Nasies, soewerein was. Hy het die kroon dus as deelbaar beskou, wat beteken het dat Gemenebeslande die reg op sesessie en neutraliteit besit het.[6]

Sy beskouing oor die Britse Ryk het daarom van Smuts verskil. Dit blyk onder andere uit twee toesprake wat Hertzog in Mei 1917 gehou het. Volgens Hertzog was die Unie 'n selfregerende staat met 'n eie Regering wat in staatsregtelike sin onder die Britse Kroon gestaan het. Hertzog het die Britse Ryk nie as 'n superstaat beskou nie, en dit was geen organiese liggaam waar die Britse Parlement oppermagtig was nie. Die Britse Ryk was net die naam vir 'n aantal lande wat onder heerskappy van die Koning van Engeland gestaan het. Volgens Hertzog was niemand, ook nie die Unie van Suid-Afrika, aan die Britse Ryk of Brittanje onderworpe nie.[7]

Aan die begin van die dertigerjare was dit duidelik dat die beskouings van die Suid-Afrikaanse en Britse Regerings met betrekking tot die kwessie van 'n deelbare kroon skerp verskil het. E.H. Louw, Suid-Afrika se gevolmagtigde minister in Washington, het in September 1930 'n gesprek met sir William Jowitt, die Britse Prokureur-generaal, gehad waarin die twee Regerings se standpunte oor die Britse Kroon duidelik na vore getree het. Terwyl die Britse Regering die kroon as ondeelbaar beskou en volgens Jowitt uit die kussings gelig sou word indien hulle iets anders sou voorstaan, het die Hertzog-faksie van die Suid-Afrikaanse Regering onwrikbaar in die deelbaarheid van die Britse Kroon en die implikasies wat dit ingehou het geglo. Dit was naamlik dat die land die reg op sesessie en neutraliteit gehad het.[8]

Tot 1930 is die deelbaarheid van die Britse Kroon nie op Rykskonferensies bespreek nie. Verskeie kenners op die terrein van konstitusionele geskiedenis van die Britse

---

5 W.K. Hancock, ***Selections from the Smuts papers***, vol. 5 ..., p.442.

6 C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, pp.530,531,623,624; vgl. D.F. Malan, ***Afrikanervolkseenheid en my ervarings op die pad daarheen***, p.94.

7 F.J. du T. Spies (red.), ***Die Hertzogtoesprake***, deel 3 ..., (Hertzog se toespraak op Stellenbosch, 4 Mei 1917), p.297; vgl. G.D. Scholtz, ***Hertzog en Smuts en die Britse Ryk***, p.69; vgl. D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot ...***, p.61.

8 INEG, Bloemfontein, E.H. Louw-versameling, PV 4, lêer 2, 1930-1937: algemene korrespondensie: brief van E.H. Louw aan D.F. Malan, 4 Sep. 1930.

Gemenebes het die deelbaarheidskwessie van die Britse Kroon bespreek. R.B. Stewart het na aanleiding van die besprekings wat op die 1930-konferensie tussen Eerste Ministers en leiers van afvaardigings plaasgevind het, die gevolgtrekking gemaak dat die teorie van deelbaarheid van die kroon algemeen aanvaarbaar was. Hierdie omstrede kwessie is egter nie op die sakelys geplaas nie en moes op die volgende Rykskonferensie in 1937 bespreek word.[9] Dit is nie duidelik waarop Stewart sy afleiding gegrond het nie. Waarskynlik het die voorstanders van die teorie van die deelbaarheid van die kroon, soos die verteenwoordigers van Suid-Afrika en Ierland, vrylik daaroor gepraat.[10] Hulle kon die bogenoemde indruk geskep het. Hertzog se standpunt oor hierdie saak tydens die 1926- en 1930-konferensies het sy beleid oor die deelbaarheid van die kroon duidelik weerspieël.[11]

C. Cross, nog 'n ondersteuner van die deelbaarheidsteorie van die kroon, is die mening toegedaan dat die Koning van Engeland, George V, in die praktyk Koning van elke afsonderlike dominium geword het.[12]

A.B. Keith, Engelse historikus, het 'n ander mening as Stewart en Cross gehuldig. Volgens hom het Artikel 5 van die Statuswet, wat die erfgename en opvolgers van die Britse troon beskryf het, die ondeelbaarheid van die kroon bewys.[13]

In die Suid-Afrikaanse politiek het die deelbaarheid van die kroon veral tussen 1933 en 1937 in die sentrum van politieke gesprekke gestaan. Nadat dit vroeg in 1933 bekend geraak het dat Hertzog en Smuts 'n Koalisieregering wou saamstel, was die belangrike vraag wat die twee leiers oor sodanige diepgaande politieke verskille sou besluit. Nadat samesmelting van die NP en SAP gedurende 1934 'n sterk moontlikheid geword het, het lang briefwisselings en gesprekke tussen verskeie leiers en partye, onder andere oor die deelbaarheid van die Britse Kroon, gevolg. Die Hoofbestuur van die NP in Kaapland het 'n baie sterk standpunt hieroor ingeneem. Die party wou hê Hertzog moes die deelbaarheid van die kroon as beginsel in die Program van Beginsels van die nuwe party inskryf. Hoewel Hertzog

---

9 R.B. Stewart, ***Treaty relations of the British Commonwealth of Nations***, p.212.

10 R.B. Stewart, ***Treaty relations ...***, p.213.

11 A. Brady, ***Democracy in the dominions ...***, p.363.

12 C. Cross, ***The fall of the British Empire ...***, p.178.

13 A.B. Keith, ***The king and the imperial crown***, p.438; vgl. A.B. Keith, ***The dominions as sovereign states ...***, p.105.

in sy antwoord aan die Kaaplandse NP bevestig het dat hy steeds in die beginsel glo dat die kroon deelbaar is, het hy nie sy weg oopgesien om aan die versoek te voldoen nie. Die rede wat Hertzog aangevoer het, was dat so 'n stap twyfel en onsekerheid oor sy ware standpunt oor die deelbaarheid van die kroon in die hand sou werk.[14]

Tog het dit geblyk dat die breuk tussen Hertzog en die NP geheel is. Smuts het vinnig gereageer. Hy het dit duidelik aan Hertzog gestel dat hy niks wou laat plaasvind wat die soewereine status van Suid-Afrika, soos vasgelê deur die Statuut van Westminster, in gevaar kon stel nie. Opname van 'n beginsel dat die kroon deelbaar was in die Program van Beginsels, soos Hertzog en die NP dit vertolk het, was vir Smuts totaal onaanvaarbaar.[15] Smuts wou dus ten alle koste die Britse konneksie gehandhaaf sien.

Hertzog se reaksie op hierdie standpunt was insiggewend en betekenisvol. Hy moes tussen die implementering van 'n ou NP-beginsel en die handhawing van die Britse konneksie kies. Sy antwoord aan Smuts was dat die deelbaarheid van die kroon, die reg op neutraliteit en die reg op sesessie, sake van interpretasie was waaroor hulle verskil het. Hulle was, volgens hom, nie geroepe om daaroor in 'n Program van Beginsels vir die nuwe party saam te stem nie.[16]

Hierdie toegeeflike houding van Hertzog teenoor Smuts met betrekking tot die beginsels van die NP het vir Malan en die Nasionaliste wat hom gevolg het van samesmelting met Smuts afgeskrik.[17]

Gedurende Maart en April 1920 het briefwisseling tussen Smuts en Hertzog oor moontlikhede van samewerking tussen die SAP en die NP plaasgevind. Aangesien Smuts Suid-Afrika se reg om van die Britse Ryk af te skei, ontken het en Hertzog sterk oortuig was dat die Unie wel die reg op afskeiding besit het, het samesprekings tussen die twee leiers skipbreuk gely. Hul volgelinge sou aan die

---

14 *Die Burger*, 16 Feb. 1934: berig; vgl. F.J. du T. Spies (red.), *Die Hertzogtoesprake*, deel 6 ..., {brief van Hertzog aan F.C. Erasmus, 15 Feb. 1934}, p.82.

15 CAD, Pretoria, J.C. Smuts collection, A 1, vol. 237, Private papers (I-Z): letter from J.C. Smuts to J.B.M. Hertzog, 17 Feb. 1934.

16 CAD, Pretoria, J.C. Smuts collection, A 1, vol. 236, Private papers (A-H): letter from J.B.M. Hertzog to J.C. Smuts, 18 Feb. 1934.

17 N. Stultz, *The electoral revival of the National Party in South Africa, 1934-1948*, p.40.

begin van die twintigerjare telkens vind dat brugboupogings tussen die twee partye as gevolg van die verskilpunt oor sesessie op die rotse beland het.[18]

Weereens, soos in 1920, het 'n verskil oor 'n konstitusionele beginsel verhoed dat die meerderheid Suid-Afrikaners in een party kon saamwerk. In 1920 was dit sesessie, in 1934 deelbaarheid van die kroon. Na 14 jaar was Nasionaliste nog net so vasbeslote om die Britse konneksie te verbreek.

Met die indiening en bespreking van die Statuswetsontwerpe in 1934 het verskeie menings onder NP- en SAP-volgelinge rondom die deelbaarheid van die kroon na vore gekom.

J.H. Hofmeyr, Minister van Binnelandse Sake en SAP-LV vir Johannesburg-Noord, het tydens sy toespraak in die Volksraad daarop gewys dat die vernaamste geskilpunt met betrekking tot die Statuswette die vraagstuk van deelbaarheid of ondeelbaarheid van die kroon was. Hy het sy standpunt van 'n ondeelbare kroon verduidelik en bygevoeg dat hy nie glo dat 'n enkele Wetsontwerp die posisie van die Koning enigsins kon verander nie. Hofmeyr het ook daarop gewys dat, indien die kroon deelbaar sou wees, die posisie reeds in 1926 of selfs daarvoor moes bestaan het. Sy gevolgtrekking was dus dat die Statuswetsontwerp van 1934 nie die kroon deelbaar of ondeelbaar kon maak nie. Hy het betoog dat dit 'n akademiese kwessie was waaroor daar meningsverskil bestaan het.[19] Advokaat Leslie Blackwell, SAP-LV vir Kensington, het by Hofmeyr aangesluit en heelwat klem op die gemeenskaplike trou aan die kroon geplaas.[20]

Volgens Morris Kentridge, SAP-LV vir Troyeville, kon daar nie sprake van deelbaarheid van die kroon wees nie, aangesien die aanhef van die Statuswetsontwerp bepaal het dat Groot Brittanje en die ander lede van die Britse Gemenebes oor die verandering van die posisie van die kroon moes saamstem.[21]

In teenstelling met Hofmeyr het Nasionaliste hierdie saak nie bloot as akademies van aard beskou nie, maar as 'n beginselsaak wat in die praktyk toegepas moes word. F.C. Erasmus, NP-LV vir Moorreesburg, was van mening dat die

18 C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, pp.437-441.

19 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2141.

20 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2084.

21 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2122,2123.

Wetsontwerp duidelik die deelbaarheid van die kroon bevestig het.[22] Hierby het J.G. Strijdom, NP-LV vir Waterberg, aangesluit toe hy daarop gewys het dat die kroon volgens hom deelbaar was, aangesien die Koning op advies van Gemenebesregerings moes handel.[23]

Terwyl C.F. Stallard, SAP-LV vir Roodepoort, dieselfde interpretasie as Nasionaliste soos Erasmus en Strijdom aan die Statuswetsontwerp geheg het, was hy, anders as hulle, glad nie gelukkig oor die implikasies wat dit vir Suid-Afrika se Britse konneksie ingehou het nie. Hy was oortuig dat die Statuswetsontwerp daarop gemik was om deur die bepaling van Artikel 4 die Britse Kroon deelbaar te maak.[24]

Die Wetsontwerp op die Uitvoerende Magte en Seëls van die Koning (later Wet 70 van 1934) het, soos die Wetsontwerp op die Status van die Unie (later Wet 69 van 1934), heelwat bespreking rondom die posisie van die kroon uitgelok.

Terwyl Stallard van mening was dat die wet die prerogatief van die Koning tot 'n nul verminder het,[25] het C.R. Swart, NP-LV vir Ladybrand, in die Wetsontwerp die deelbaarheid van die kroon gesien.[26] Erasmus het die beskouing van Nasionaliste oor die deelbare kroon baie eksplisiet gestel met sy standpunt dat die Britse Vors ook Koning van Suid-Afrika geword het.[27] Erasmus het die NP se gevoel oor die Seëlwetsontwerp goed opgesom toe hy hom soos volg daaroor uitgelaat het: "Ek stem in met diegene wat gesê het dat die Seëlwetsontwerp die masjinerie skep vir die toepassing van die Statuswet. Jy kan geen beter praktiese voorbeeld kry van die deelbaarheid en gedeeldheid van die kroon nie, as om vir Suid-Afrika 'n aparte seël te kry nie."[28]

Daar was in die Statuswet niks te lese van die deelbaarheid of ondeelbaarheid van die Britse Kroon nie. Diegene wat beweer het dat die Wet op Uitvoerende Magte en

---

22 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 10 Apr. 1934, kol. 2242.

23 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 11 Apr. 1934, kol. 2316.

24 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2092.

25 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 25 Apr. 1934, kol. 3019.

26 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 25 Apr. 1934, kol. 3022.

27 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 25 Apr. 1934, kol. 3026.

28 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 2 Mei 1934, kol. 1934.

Seëls van die Koning (Wet 70 van 1934) die kroon deelbaar gemaak het, het grond onder hul voete gehad. Artikel 7 van die Wet het die Goewerneur-generaal in rade volmag verleen om die bevoegdheid van die Koning in rade oor te neem. In die praktyk het dit daarop neergekom dat die Britse Koning vir die Unie van Suid-Afrika 'n blote naam of verwysing geword het.

Suid-Afrika se Britse konneksie, en meer bepaald die Unieregering se verhouding tot die Britse Kroon, het in 1936 in die politieke kollig gestaan. Dit het noodwendig spanning tussen politici en partye wat daaroor verskil het, meegebring.

In September 1936 het nog 'n geleentheid vir Hertzog om sy opvatting oor die deelbaarheid van die kroon prakties te illustreer, opgeduik. Suid-Afrika het op 7 September 1936 'n onthaal vir internasionale afgevaardigdes van 'n Vervoerkonferensie aangebied. Tydens hierdie geleentheid het die Goewerneur-generaal van Angola 'n heildronk op "His Majesty, King Edward VIII, Sovereign of the Union of South Africa", ingestel. Die feit dat 'n ander land, Angola, op so 'n wyse aan die Unie van Suid-Afrika erkenning verleen het, moes vir Hertzog 'n pluimpie gewees het. Hierdie heildronk het in der waarheid daarop gedui dat die Britse Kroon deelbaar was. Hertzog het met die opstelling van die heildronklys die Britse Koning alfabeties tussen die ander gaste geplaas. Daarmee wou hy ook sy opvatting dat die kroon deelbaar was, beklemtoon.

Malcolm MacDonald het later berig dat Hertzog se optrede 'n verleentheid was. Die heildronklys was by geleentheid van 'n middagete ook vir lord Clarendon, die Goewerneur-generaal, onaanvaarbaar. Hy het gesê dat Stallard, leier van die Dominiumparty, na die heildronk van die Goewerneur-generaal van Angola op Suid-Afrika se Koning en die speel van Die Stem van Suid-Afrika, die saal verlaat het.

MacDonald het die uitwerking van Hertzog se optrede in Britse politieke kringe soos volg aan sir Henry Batterbee, die waarnemende Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, verduidelik: "Procedure adopted by the Union authorities is, I feel, bound to be an embarrassment to us here and possibly also to other members of the British Commonwealth, since it can hardly be construed otherwise than as an express commitment to a view of the constitutional position of the Crown in the British Commonwealth which has not been generally accepted by its members."[29]

---

29 PRO, London, FO, 372/3160/T, file 14436/G: memorandum, Secretary of State, Dominion Affairs, 18 Sep. 1936.

Dit is interessant dat die Dominiumkantoor onder die indruk was dat Hertzog ander staatshoofde van Gemenebeslande vooraf in verband met die samestelling van die heildronklys geraadpleeg het. Hierdie idee was gebaseer op 'n sekere opvatting oor wat die aanhef van die Statuut van Westminster presies beteken het.[30] Diegene wat in die ondeelbaarheid van die Britse Kroon geglo het, het telkens die teorie verdedig deur na die aanhef te verwys wat verklaar het dat verandering in troonopvolging na raadpleging tussen Gemenebeslede moes geskied. Daarteenoor het politici wat in die deelbaarheid van die Britse Kroon geglo het, hierdie woorde nie as bindend beskou nie, aangesien die aanhef slegs 'n inleiding tot die Wet was.

Smuts was begryplikerwys ongelukkig oor Hertzog se optrede. Volgens Smuts het Bodenstein nie aan hom die heildronklys getoon nie. Sir Herbert Batterbee het daarop gewys dat Smuts erg ontsteld was oor die hele aangeleentheid, veral oor die insluiting van die Koning tussen buitelandse staatshoofde. Smuts was nietemin daarvan oortuig dat niks Hertzog sou laat afsien van sy houding omtrent die kroon nie.[31]

Teen die einde van 1936 het Bodenstein in 'n opspraakwekkende artikel aangetoon dat die Britse Kroon sedert die Balfour-verklaring 'n deelbare kroon was. Volgens Bodenstein het die struktuur van die Britse Gemenebes van Nasies meegebring dat elke lidland vry was om af te skei. Hy het sy standpunt soos volg verklaar: "The moment you recognise the dominions as equals of the United Kingdom the doctrine of the indivisibility of the crown, as a string holding the different parts of the British Empire together, must of necessity, as far as the relation between the United Kingdom and the dominions is concerned, snap."[32]

***Die Burger*** het Bodenstein geluk gewens met sy artikel en opgemerk dat die VP verdeeld was oor die deelbaarheid van die kroon. Die blad het die spot met Hertzog en Smuts gedryf wat gepoog het om hul verskille in een party te probeer akkommodeer. Terwyl Hertzog sy sin gekry het met die teorie, het Smuts dit in die praktyk verkry. Hertzog was tevrede met die Unie se vryheid op papier, maar Smuts het, volgens die blad, lekker in sy mou gelag, want die Unie het in die

30 Let op die siening van Stallard en ander lede van die Dominiumparty tydens Volksraadsdebatte met betrekking tot die Statuswetsontwerp.

31 PRO, London, FO, 372/3160/T, file 14436/G: memorandum, Secretary of State, Dominion Affairs, 18 Sep. 1936.

32 CAD, Pretoria, J.P. Jooste collection, W 201, vol. 1, Political papers (SAP), 1910-1955: H.D.J. Bodenstein, The indivisibility of the crown, s.j.

praktyk vaster as ooit aan Brittanje gebind geraak. Die Redakteur het opgemerk dat die een die skyn en die ander die werklikheid gekry het.[33]

Volgens ***The Star*** was Bodenstein se artikel oor deelbaarheid van die Britse Kroon by baie mense ongewild. Die blad was van mening dat Bodenstein se artikel hoogs ongewens was, aangesien so 'n saak soos die deelbaarheid van die kroon uiters sensitief en buitendien 'n akademiese kwessie was. ***The Star*** was oortuig dat samewerking tussen Hertzog en Smuts belangriker was as die onnodige getorring aan 'n konstitusionele geskilpunt tussen die twee leiers. Die blad verkwalik Hertzog dat hy nie wys genoeg was om die publikasie van Bodenstein se artikel te verbied nie.[34]

Diegene wat soos ***The Star*** van mening was dat konstitusionele kwessies waaroor Hertzog en Smuts verskil het, nie vroeër of later in gedrang sou kom nie, sou spoedig 'n groot ontnugtering kry. Hierdie houding om te bly kleef aan die gedagte dat sekere dinge van so 'n akademiese aard was dat dit maar in 'n vertoonkas opgesluit kon word, was alles behalwe nugtere politieke denke.

Terwyl ***Die Burger*** gemeen het dat Suid-Afrika se Britse konneksie deur Hertzog se optrede met die heildronklys verstewig het, het ***The Star*** gevrees dat 'n dreigende skeuring in die VP die Britse konneksie erg sou benadeel.

Bodenstein se artikel het heelwat kommentaar ontlok. Op 2 Februarie 1937 het William Clark, Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, aan Malcolm MacDonald, Britse amptenaar in die Dominiumkantoor, verduidelik dat Bodenstein 'n geweldige invloed op Hertzog uitgeoefen het. Clark stel dit só: "To think that General Hertzog should have organised the publication of such controversial a document is in itself significant of that influence and to the extent to which their mind of thought coincides."[35] Clark se beskouing was dat voormalige SAP-lede hul ontevredenheid onomwonde aan Hertzog gestel het. Hulle was erg ongelukkig aangesien Bodenstein se artikel ondersteuners in 'n uiters ongemaklike posisie in hul onderskeie kiesafdelings geplaas het.[36]

---

33 ***Die Burger***, 3 Feb. 1937: hoofartikel.

34 ***The Star***, 8 Feb. 1937: editorial.

35 PRO, London, DO, 35/530/C, file 6/5: letter from W.H. Clark to M. MacDonald, 4 Feb. 1937.

36 PRO, London, DO, 35/530/C, file 6/5: letter from W.H. Clark to M. MacDonald, 4 Feb. 1937.

Op 15 Februarie 1937 het Clark weer aan MacDonald die onenigheid in die VP rakende die artikel van Bodenstein en Hertzog se houding daaromtrent, verduidelik. Volgens Clark het Smuts se volgelinge die punt bereik waar hulle gevoel het dat hulle ter wille van die vrede genoeg binne die VP gely het. Clark was van mening dat Hertzog moes besef het dat hy 'n fout gemaak het om Bodenstein se artikel te laat publiseer. Hertzog moes boonop die regte aanvoeling gehad het, en nie toegelaat het dat Bodenstein hom met so 'n artikel onder druk geplaas het nie.[37] Clark was ongelukkig oor Bodenstein wat syns insiens 'n vlieg in die salf van die Suid-Afrikaans-Britse verhouding geword het. Clark het ook geen manier gesien waarop Hertzog van Bodenstein ontslae sou kon raak nie. Aangesien Hertzog die Unie se onafhanklike status hoog aangeslaan het, was Bodenstein dus vir hom baie werd.[38]

Die Dominiumkantoor het kort hierna 'n verklaring oor hul siening van die deelbaarheid van die kroon uitgereik. Hierin word verklaar dat beide begrippe geregverdig is. Die kroon was ondeelbaar aangesien Gemenebeslede interafhanklik van mekaar binne die Britse Gemenebes van Nasies gefunksioneer het. Die kroon was terselfdertyd ook deelbaar aangesien lidlande soewereine onafhanklike status beklee het en die Britse Koning ook elke afsonderlike land se Koning was.[39]

Die reaksie onder Ryksgesindes oor hierdie omstrede sake dui op 'n diepliggende vrees dat 'n breuk in die geledere van die VP Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie sou verhaas. Hertzog se optrede om te illustreer dat hy daarin geglo het dat Suid-Afrika 'n afsonderlike Koning besit, was waarskynlik 'n geval van diepe frustrasie wat besig was om oor te kook. As daar in gedagte gehou word dat Hertzog sedert Januarie 1933 in 'n groot mate, ter wille van samewerking met Smuts, vir 'n baie lang tydperk sy gevoelens oor kernbeginsels van die NP moes onderdruk, dan was die Bodenstein-artikel vir hom 'n baie welkome uitlaatklep. Die Bodenstein-artikel het die kunsmatige eenheid tussen Hertzog en Smuts skerp in die politieke kollig geplaas. Hertzog se poging om te demonstreer dat die kroon deelbaar was, het onteenseglik bewys dat hy steeds aan die konstitusionele reg van Suid-Afrika om van die Britse Gemenebes af te skei, geglo het.

---

37 PRO, London, DO, 35/530/C, file 6/7: letter from W.H. Clark to M. MacDonald, 15 Feb. 1937.

38 British Library for Political and Economic Science (BLPES), London, W.H. Clark collection, Miscellaneous, file 528/1: letter from W.H. Clark to M. MacDonald, 11 Mar. 1937.

39 PRO, London, DO, 35/530/C, file 6/10: commentary from the Dominion Office, 24 Feb. 1937.

Die posisie van die Britse Kroon, dit waarop die hele Britse Gemenebes van Nasies geskoei was, is teen die einde van 1936 behoorlik op die proef gestel. Die Britse Gemenebes het in 1935 tydens die Silwer Jubileum van die koninklike troon en in 1936 weer toe koning George V oorlede is, 'n sterk eenheidsfront vertoon. Marriott verhaal dat voorbereidings vir die kroning van die volgende Koning ver gevorder het, "when the thunderbolt fell King Edward VIII would never be crowned. On December 3rd, 1936, the whole Empire was astounded by the news that the King proposed a marriage which seemed to his people incongruous and which his Ministers could not approve".[40]

Dit was gou duidelik dat hy moes kies tussen die geskeide Amerikaanse mev. Simpson en die Britse troon. Sy keuse het op eersgenoemde geval en op 11 Desember het die Britse Parlement wetgewing goedgekeur wat sy abdikasie vanaf 10 Desember 1936 gewettig het.[41]

Hertzog het in die troonafstand van koning Edward 'n verdere geleentheid gesien om sy teorie oor 'n deelbare kroon in die praktyk te laat geld. Hy sou vroeg in die nuwe jaar wetgewing in die Parlement indien om koning Edward VIII se abdikasie en die troonbestyging van die nuwe koning, George VI, as die nuwe Koning van Suid-Afrika, op dieselfde dag, 10 Desember 1936, te wettig.[42]

Die Ierse Vrystaat wou ook nie die nuwe Koning op dieselfde dag (11 Desember 1936) as Brittanje, Noord-Ierland, Australië, Kanada en Nieu-Seeland aanvaar nie en het George VI vanaf 12 Desember as hul Koning beskou. Die feit dat koning George VI op drie verskillende dae Koning van verskeie Gemenebeslande geword het, het die aanspraak van die Unie van Suid-Afrika en die Ierse Republiek as

---

40 J.A.R. Marriott, ***The evolution of the British Empire and Commonwealth***, p.310.

41 N. Mansergh, ***Survey of British Commonwealth Affairs: problems of external policy, 1931-1939***, pp.44,45; vgl. D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot ...***, p.220; vgl. G.D. Scholtz, ***Hertzog en Smuts en die Britse Ryk***, p.120.

42 Hierdie Wette het onderskeidelik as die Wet op Troonafstand van koning Edward VIII, Wet no. 2 van 1937 en die Wet op die Kroningseed, Wet no. 7 van 1937 bekend gestaan; vgl. A.B. Keith, ***The king, the constitution, the empire and foreign affairs: letters and essays, 1936-1937***, p.78; W.J. de Kock, ***Geskiedenis van Suid-Afrika***, p.35; A.P. Newton, ***A hundred years of the British Empire***, p.399.

soewereine onafhanklike state verskerp. Meer as enige iets anders het dit bewys dat die Britse Kroon deelbaar was.[43]

Tydens die debat in die Volksraad oor die bespreking van die Wetsontwerp op die troonafstand van Edward VIII was daar wye eenstemmigheid dat die deelbaarheid van die kroon deur die gebeure bevestig is. Lede van die Dominiumparty was ongelukkig oor die Wetsontwerp en het 'n wanhopige poging aangewend om die wetgewing te stuit. Volgens C.W.A. Coulter was die Wetsontwerp die Regering se plan om vir Suid-Afrika 'n "Koning te skep" en "af te sit". Hy het op die kernverskil tussen die Regering, wat geglo het dat dominiale parlemente oppermagtig is, en die Dominiumparty, wat geglo het dat 'n Rykswet vir die hele Britse Ryk geldig was, gewys.[44]

J.S. Marwick was ook, soos Coulter, van mening dat die Wetsontwerp deelbaarheid van die kroon beteken het.[45] Eersgenoemde sien Hertzog se optrede as onwettig aangesien die Eerste Minister sonder raadpleging van die ander lede van die Britse Gemenebes 'n afsonderlike Wet vir troonopvolging wou proklameer. Marwick het 'n beroep op Smuts gedoen om Hertzog aan bande te lê en om 'n poging aan te wend om hierdie wetgewing te verhoed.[46]

Die NP het by monde van dr. Malan, hul leier, ook bevestig dat hulle die deelbaarheid van die kroon in die Wetsontwerp vergestalt gesien het. Die Koning en die Koningskap was vir hulle 'n volksvreemde staathoofskap wat die Nasionaliste wou afskaf.[47] Volgens Erasmus het die Wetsontwerp vir die eerste keer aan Suid-Afrika soewereine onafhanklike status in die praktyk toegesê.[48]

Nadat hierdie Wetsontwerp deur die Parlement goedgekeur is, is 'n tweede Wetsontwerp wat die kroon geraak het, naamlik die Kroningseed-wetsontwerp, ter

---

43 N. Mansergh, ***Survey of British Commonwealth Affairs*** ..., p.45; vgl. ook J.D.B. Miller, ***Britain and the old dominions***, p.108; N. Stultz, ***The electoral revival of the National Party in South Africa*** ..., p.69; P.G. Walker, ***The Commonwealth***, p.110.

44 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 27 Jan. 1937, kol. 766,784.

45 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 1 Feb. 1937, kol. 1102.

46 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 25 Jan. 1937, kol. 615.

47 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 25 Jan. 1937, kol. 592.

48 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 3 Feb. 1937, kol. 1099,1100.

tafel gelê. In die Wetsontwerp is melding gemaak van 'n eed wat die aanstaande koning, George VI, tydens sy troonbestyging moes aflê.

Die Wetsontwerp was vatbaar vir meer as een uitleg. Uit die lang titel, om "voorsiening te maak vir 'n eed vir die Koning as Soewerein van die Unie",[49] het Malan deelbaarheid van die kroon soos 'n paal bo water gesien staan. Die presiese vorm van die eed het egter nie in die Wetsontwerp verskyn nie en het daarom volgens Malan groot onsekerheid meegebring.[50]

Die vorm, aard en inhoud van die eed sou in onderhandelinge tussen die Gemenebesregerings en die Britse Regering vasgestel word. Uit korrespondensie oor hierdie saak tussen die amptenare van die Dominiumkantoor, en W.H. Clark, die Britse Hoë Kommissaris, blyk duidelik dat hulle dit eens was dat konsensus oor 'n vorm vir gesamentlike eedaflegging verkry moes word.[51]

Hoewel Hertzog tot 'n kollektiewe eed ingestem het, wou hy sekere veranderings in die voorgestelde bewoording van die eed[52] aanbring. Die rede vir Hertzog se versoek was om te verseker dat die Unie nie in 'n minderwaardige posisie ten opsigte van Groot Brittanje of die Koning geplaas sou word nie.

Hertzog se aandrang om die bewoording van die eed heeltemal na sy sin te kry, het Clark laat vra: "Is this really in accordance with the spirit of co-operation between the members of the British Commonwealth?"[53]

Die feit dat die Unieregering tot 'n gesamentlike eed ingestem het, het die Wetsontwerp op die kroningseed vir enkele Nasionaliste verdag laat voorkom. N.J. van der Merwe, NP-LV vir Winburg, se afleiding was dat dit die Regering se voorneme was om die eenheid en ondeelbaarheid van die kroon op so 'n wyse te beskerm.[54]

---

49 Unie van Suid-Afrika, ***Wet op die Kroningseed***, no. 7 van 1937, p.3.

50 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 4 Feb. 1937, kol. 1176.

51 PRO, London, DO, 35/533/C, file 17/17: telegram from W.H. Clark to the DO, 17 Jan. 1937.

52 PRO, London, DO, 35/533/C, file 17/43: telegram from W.H. Clark to the DO, 4 Feb. 1937.

53 PRO, London, DO, 35/533/C, file 17/17: telegram from W.H. Clark to the DO, 17 Jan. 1937.

54 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 4 Feb. 1937, kol. 1181.

Lede van die Dominiumparty wat aan die debat oor die Kroningseed-wetsontwerp deelgeneem het, het slegs een uitleg vir die Wetsontwerp gehad. Coulter se oortuiging was dat die doel van hierdie Wetsontwerp was om bo alle twyfel duidelik te maak dat die kroon van Suid-Afrika afgeskei en apart van die Verenigde Koninkryk gestaan het.[55] Hierby het Marwick aangesluit met sy siening dat die Regering die beginsel van deelbaarheid van die kroon in een week in twee agtereenvolgende Wette van die Parlement verskans het.[56] Die Dominiumparty het geglo dat die Wetsontwerp 'n totale oorwinning van Hertzog se standpunt oor dié van Smuts was. Smuts se versekering in 1934 dat die Britse konneksie en ondeelbaarheid van die kroon deur die Statuswette gehandhaaf sou word, is volgens die Dominiumparty totaal deur hierdie Kroningseed-wetsontwerp vernietig.

Die Regering het by monde van O. Pirow, Minister van Spoorweë en Hawens, ontken dat die Wetsontwerp daarop gemik was om deelbaarheid van die kroon te bevestig.[57]

## 9.3 SAMEVATTING

Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie het, met al die bovermelde gebeure rondom die Britse Kroon in die dertigerjare, heelwat momentum gekry.

Hertzog is vir 'n geruime tyd in NP-geledere gekritiseer omdat hy, veral sedert koalisie en samesmelting, sy konstitusionele beginsels versaak het. Sy vestiging van 'n deelbare kroon in die praktiese politiek moes ongetwyfeld talle kritici se monde gesnoer het.

Die feit dat Hertzog te midde van ernstige meningsverskil met Smuts oor die deelbaarheid van die Britse Kroon die moed van sy oortuiging gehad het om wel so op te tree, het sekerlik ook by sy politieke opponente groot respek vir hom afgedwing.

Dit was duideliker as ooit tevore dat Hertzog en Smuts oor die deelbaarheidsvraagstuk lynreg gebots het. Die onbeskroomde optrede van Hertzog

55 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 4 Feb. 1937, kol. 1185.

56 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 4 Feb. 1937, kol. 1214.

57 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 4 Feb. 1937, kol. 1215,1278.

waardeur hy sy opvattings oor Suid-Afrika se soewereine onafhanklike status wou demonstreer, het ongetwyfeld sy nasionale kritici tot nadenke gestem.

Hoewel baie kritici vir Hertzog as hardkoppig en outokraties geëtiketteer het, het sy oortuigde standpuntinname sekerlik ook by sy grootste politieke opponente respek vir hom afgedwing.

Wanneer Hertzog se optrede in verband met die deelbaarheid van die Britse Kroon in die dertigerjare binne die raamwerk van sy houding en optrede teenoor Britse politici en amptenare gelees word, is dit duidelik dat hy nie sy hand oorspeel het nie. Hertzog het in talle toesprake die Britse Ryk lof toegeswaai.

As die Britse Kroon deelbaar was, het Suid-Afrika die reg gehad om hom te enige tyd van die Britse Gemenebes van Nasies af te skei? Hierdie vraag word in die volgende hoofstuk bespreek. Dit het eintlik die kern van Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie geraak.

Hertzog het met die kwessie van die deelbaarheid van die Britse Kroon gewys dat hy beslis nog sekere beginsels van die NP op die hart gedra het.

---oOOo---